

# EKSTEEN NUUSBRIEF

**JULIE/AUGUSTUS 2010**

***Share with God's people who are in need. Practise hospitality.***

***-ROMANS 12:13-***



**<u>BO</u>: BESOEKE AAN NUWE AREAS: HIER IS ONS OPPAD (DALK EERDER AF-PAD) NA 'N NUWE KERKIE NABY DIE DORPIE POSTO SHIRE, 100KM SUID VAN MILANGE .**



**<u>BO</u>: BESOEKE AAN LERAARS: HIER STAAN DS TIMOTEO, WAT OOK VOORSITTER VAN DIE SENDINGKOMMISSIE IS, SAAM MET GESIN EN ANDER VOOR HUL NUWE KERKIE (ALLES, OOK SINKDAK IS UIT EIE GELEDERE BEFONDS).**

**<u>ONDER</u>: ALMAL OM DIE TAFEL, OOK OOM HENNIE EN TANNIE RENTIA, TYDENS DIE BESOEK VAN PROJEKLEIERS VANUIT NG HELDERERG.**



Hallo liewe vriende, ons het nog nooit 'n klagte van enige van julle gekry dat ons te veel van ons laat hoor nie, eerder die teenoorgestelde, naamlik dat ons somtyds bietjie te stil is. Ek (Kobus) vra groot ekskuus, ek kan nie sê dat Nana my nie gereeld herinner nie. Ek gaan egter nie om verskoning vra nie, want intussen het ons by ons Hollandse bure uitgevind dat verskoning (vir hulle) verwys na die ruil van 'n baba se doek (kan julle dink hoe snaaks dit vir hulle moet klink as ons om verskoning vra).

## EVANGELISASIE NUUS

"Onbereiktes", 'n term wat verwys na mense wat nog nie die evangelie gehoor het nie, is 'n woord wat gereeld in dieselfde asem as evangelisasie genoem word. Dan is daar ook nog die term "Onbereikte Groepe", wat verwys na mensegroepe waarbinne daar nog nie 'n Christengemeenskap bestaan wat groot genoeg is of oor genoegsame middele beskik om die evangelie na hul eie mense te kan bring nie. Hoekom moet julle dit weet? Omdat daar nog 13 sulke mensegroepe in die Noorde van Mosambiek is. Ek is daarvan oortuig dat ons Here Jesus die plaaslike Kerk, wat die Igreja Reformada saam met wie ons werk insluit, wil gebruik om hierdie mensegroepe te bereik. Ons maak dus nie 'n geheim daarvan dat ons hierwees in Milange nie vir ons gaan om "ons bediening" nie, maar dat ons fokus daarop is om Mosambiekers te help om "in bediening" te kan staan. Einde 2009 het die Igreja Reformada my verkies as 'n lid van die kommittee wat moet toesien dat die kerk hierdie taak begin uitvoer. Die belang van hierdie werk en 'n mandaat om daarmee voort te gaan is ook tydens die pas afgelope sinodesitting bevestig. Bid asb saam met ons dat die Here vir my baie wysheid sal gee oor hoe om hierdie taak, naamlik die mobilisering van die plaaslike kerk vir sending, aan te pak. In uitvoering van hierdie taak besoek ek nog gereeld evangeliste en leraars van die kerk wat in nuwe areas werk en vra ek dat julle vir my en die ander werkers sal bid wat gedurig op die pad is.

## NUUS UIT DIE GEMEENTE

Intussen gaan die werk in die gemeente ook aan. Nou is die tyd van die jaar wat daar stene gebak moet word (droë seisoen) en ons probeer hard om die wyksgemeentes wat nie oor doelmatige strukture beskik nie, aan te moedig om stene te bak en stewiger kerkies te bou. Dit is veral die geval met nuwer kerkies wat meer onlangs gevestig is. Julle wonder seker ook hoe vorder die opknapping van die kerkgebou hier op die terrein. Wel, ek kan maar net sê dat dit darem nou weer onderweg is nadat dit lank stilgestaan het a.g.v. spesifieke gereedskap wat ons nodig gehad het, maar wat aanmekaar gebreek het.

## WERFNUUS

Ons was baie bevoorreg om 'n groep projekleiers (vrywilliger gemeentelede wat uitreikprojekte bestuur) vanuit Helderberg gemeente hier te kon ontvang. Hulle het ook hul datums goed gekies en mooi op Nana se verjaarsdag hier aangekom. Ons het almal lekker saam gekuier en ek het hulle natuurlik ook voor die tyd gewaarsku om darem nie met leë hande hier aan te kom nie. Ons familie het ook lekker baie pakkies saamgestuur. Die rede vir hierdie groep se besoek was egter nie net om saam verjaarsdag te hou nie, maar om ten tyde van die afgelope sinodesitting wat elke tweede jaar gehou word, met leiers van die kerk te kom praat oor die verskillende bedieninge. Intussen is Oom John en Tannie Stephanie sak en pak hier weg uit Milange en het Nana die Miesies van hul huis geword wat voortaan as gastehuis vir sendelinge benut sal word. Die eerste groep, 10 Skotse dokters op uitreik in Pebane distrik, is reeds hier deur en ons kan sien dat hierdie bediening nog vir baie tot seën gaan wees.

## GEBEDSVERSOEKE

Beskerming oppad. Daar gaan baie gery word in die volgende drie weke, onder andere 'n besoek aan Niassa-Provinsie.

Groetnis. Kobus (+258828148634) en Nana (+258828499166).